# BOEKBESPREKING.

J. Spoelstra: **Die Kroonprins**—'n Bybelse verhaal oor Jonatan vir groter kinders. Pro Rege-pers Beperk, Potchefstroom. 80 bls. 1953. Prys 5/6 posvry.

Hierdie boekie is 'n poging om Bybelse stof vir die kinders in 'n deurlopende verhaal weer te gee. Die skrywer slaag daar baie goed in om hom getrou by die Bybelwoord te hou en tog deur die agtergrond-skildering gebeurtenisse van eeue geleae te laat lewe. Graag beveel ons hierdie boekie by ons skole en katkisasies aan. Veral kan dit baie goed dien as geskenk vir goeie werk.

H. J. J. BINGLE.

Potchefstroom. 2 Desember 1953.

---

**Predestination, an Exposition of Romans 9**, deur John Weidenaar, Professor of Bible at Calvin College te Grand Rapids, Michigan. Uitg. Baker Book House, Grand Rapids 6, Michigan. Prys plus-minus 4/-.

Ons het hier „a guide to the study of Romans 9, for the use of study classes". Prof. Weidenaar gee ons in hierdie verhandeling 'n duidelike en praktiese uiteensetting van die predestinasie volgens Rom. 9. Hy wys veral daarop dat daar geen konflik is tussen die soewereiniteit van God en die verantwoordelikheid van die mens nie. Ons wil hierdie studie van harte by ons lesers aanbeveel.

P. J. S. de K.

**Agter Tralies en Doringdraad.** Uitgegee deur die B.O.P.G. 1953. Verkrygbaar by Pro Rege-Pers Bpk. en Nas. Boekhandel Bpk. 423 bll., 24/- p.v.

Dit is 'n werk saamgestel op gesag van die „Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes" (hoofsaaklik van die Tweede Wêreld-oorlog) en geredigeer deur 'n redaksiekomitee van vyf met prof. dr. H. G. Stoker as hoofredakteur. Daar is 'n Aanbevelingswoord van Oud-senator I. Raubenheimer en 'n Redaksionele Voorwoord.

Die boek is volgepak, met 'n betreklike fyn druk, stewig en baie handig om gelees te word. Dit bevat baie en uiters waardevolle Illustrasies en Tabelle—sommige van die illustrasies is werklik roerend.

Die bydraes is gelewer deur mense wat self agter tralies en doringdraad was en deur 'n paar wat tog wel nie daar was nie. Die eerste groep praat uit bittere ervaring wat gedruk maar ook gelouter het. Die tweede groep sien die gebeure in meer perspektief. En saam gee die twee groepe ons 'n beeld wat op die gees 'n onuitwisbare indruk maak.

Soos met alle gesamentlike arbeid die geval is, het die groot las van die samestelling en uitgawe op die skouers van die redaksie geval. Hulle het 'n moeilike taak op 'n bewonderenswaardige manier uitgevoer. Hulle het die span behoorlik ingespan en goed laat trek. Hier en daar is daar 'n bydrae wat minder geslaag is—dit kon 'n mens verwag. Maar oor die algemeen geneem, is elke artikel 'n bydrae tot ons volksgeskiedenis, sommige self tot ons volkspsigologie.

Die redaksie het die werklik omvangryke stof goed georden. Die bydraes is onder vyf hoofde ingedeel. Afdelings A bevat 12 mooi artikels onder die opskrif „Verset en Vervolging". Dit is die voorspel en reeds as voorspel aangrypend, miskien meer aangrypend as die latere ellende self. Toe het die gemoedere hoog geloop en het die ideale warm gegloei. Afdeling B met 14 intieme vertellings neem ons in die diepte van wat „Agter Tralies" gely en gestig word. Die uitvoerigste Afdeling is C wat ons verhaal van die gebeure „Agter Doringdraad"—hier vind ons 33 sketse, nee, meer as sketse, want diep lê die traan! Om die Afdeling te lees, laat 'n mens eers besef waarom dit gegaan het en wat geoffer moet word vir die diepste oortuigings. In Afdeling D vind ons 'n beskrywing deur 'n paar mans maar veral deur vroue van „Die Rol van die Vrou". „Men must work and women must weep" mag waar wees van 'n ander volk, maar die Boer se vrou dra 'n ander inbors en toon 'n ander beeld: sy is die leeuin aan wie se kinders (en mans) geraak word! Wat 'n liefde en wat 'n opoffering!

Dit is 'n boek wat in die besit moet Slotwoord deur prof. D. J. van Rooy waarin hy op sy unieke manier ons aangryp met sy antwoord op die kernvraag „Was dit alles tevergeefs?" Hy antwoord sy eie en ons vraag met die heerlike belydenis: „En die Goddelike plan is nooit te vergeefs nie".

Dit is 'n boek wat in die besit moet wees van enige Afrikaner deur wie se are nog warm bloed vloei.

J. CHR. COETZEE.